higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUURSKOMMUNIKASIE N4
(Eerste Vraestel)

12 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Hierdie is slegs 'n riglyn, enige aanvaarbare antwoord, wat die korrekte inligting, soos in die bylae bevat, is korrek.

- LET WEL: as die punt vir die inhoud van 'n antwoord minder is as die helfte van die aangeduide punt, word die punt vir die taal gehalveer.

- 'n Rëel moet oopgelaat word tussen paragrawe, die datum, binneadres, aanhef en inhoudsopskrif asook voor die afsluiting (Die uwe) – dit word nie aangedui nie. Indien nie is dit minus 1 van die uitleg.

- Taal, spelling en styl word penaliseer met 'n HALFPUNT per fout. Die punte word negatief gegee.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: PRÉCIS

OPSKRIF

- SOIL FOR LIFE leer mense om eie groentetuine te kweek vir eie kos en inkomste
- Opleidingsentrum in Constantia.
- 2002 – tuiniers uit lae inkomste woonbuurte: Bishop, Lavis, Delft, Guguletho in Wes-Kaap opgelei.
- Pat Featherstone, stigter en direkteur, lei van weelderige woonbuurte tot in sanderige townships mense op om groente met omgewingsvriendelike en goedkoop metodes te kweek.
- Dit behels fisieke en geestelike voordele vir die tuinier, sy familie, gemeenskappe en die planeet.
- Avril Isaacs van Mitchells Plain verbou in ou toilette en gebruikte bierbottels.
- Sy het op 'n twaalf weke program by SOIL FOR LIFE geleer om kreatief te wees.
- Openbare behuising in buitewyke is nie 'n oplossing nie.
- Dis nie nodig om potte te koop nie; gebruik oa ou skoene as houers.
- Sy het besparing van water geleer ~~deur~~ deur 'n watertenk in haar tuin aan te bring.
- Haar motto: Gesonde verstand lewer 'n prag groentetuin.

Gee slegs punte vir TIEN (10) feite.

LET WEL: Bogenoemde is slegs riglyne en insette van studente is ook korrek indien dit binne konteks is.

Ken punte slegs tot by 100 woorde toe.

LET WEL: Laat speling van 5 woorde toe
Volsinne
Slegs een paragraaf

INHOUD	LOGIESE SAMEHANG	TAAL	WOORDE	OPSKRIF	TOTAAL
10	4	4	1	1	**20**

[20]

VRAAG 2: TELEFOONBOODSKAP

TELEFOONBOODSKAP	
AAN: eienaam✓ DATUM: 3 April 2017✓ TYD: enige✓(kantoorure) ☒ Het geskakel✓ ✓ Skakel terug	VAN: Jan Galant✓ FIRMA: FUNCTION WELL✓ TEL: enige✓ Sal weer skakel Verlang 'n afspraak
BOODSKAP: Mnr Jan Galant / Hy het geskakel.✓ maatskappy wat funksies organiseer en vra of hulle eksklusief van jou groente mag aankoop vir die buffetete vir die onthaal tydens 'n troue.✓ die nasionale rugbyheld, Oubaas Blomkamp, trou met die plaaslike sepiester Valentino Beukes.✓ Kontak hom asb en bevestig of dit reg is.✓ (bondige boodskap) BOODSKAP GENEEM DEUR: Naam (enige) ✓	

INHOUD	TAAL	TOTAAL
10	-1 per fout van inhoud	**10**

[10]

VRAAG 3: KLAGTEBRIEF

ENIGE TOEPASLIKE NAAM (groente verwant)∗

Tel: Enige toepaslike∗
Faks: Enige toepaslike ∗

Adres: Enige toepaslike ∗
PAROW∗
Kode: Enige∗

Datum voluit geskryf∗na 3 APRIL 2017

Mnr D Eksteen ∗
Hoof van Bestellings∗
GROENTEVARS ∗
Adres ∗
PAROW
Kode∗

Geagte Mnr Eksteen∗
Reël oop ∗

KLAGTE: ONAANVAARBARE DIENS∗

Ons maatskappy doen nou al jare besigheid met u maatskappy en ons kon nog altyd staatmaak op goeie en flinke diens. Ongelukkig het daar nou iets gebeur wat ons teleurgestel het in XXX se diens.✓✓

Ses weke gelede het het ek 'n bestelling van 200 kilogram elk wortels, sampioene en groenboontjies by u geplaas. Gewoonlik vind die aflewering betyds plaas. Ek is die versekering gegee dat dit weer die geval sal wees✓ aangesien die groente reeds geplant is.✓ Groente benodig vir die FUNCTION WELL maatskappy wat die groente wil gebruik vir die onthaal tydens die troue van Oubaas Blomkamp met Valentino Beukes✓. Die klant is baie ontsteld aangesien hy eksklusief van die groente gebruik wil maak.✓

XXX verneem graag wat die plan van aksie is en verwag om spoedig van jou te hoor.✓

✓Welwillendheidslot

Die Uwe

Teken ∗

NAAM∗

AMPSHOEDANIGHEID/ EIENAAR∗

INHOUD	TAAL / SPEL	UITLEG	TOTAAL
8	4	8	**20**

[20]

VRAAG 4: ONDERSOEKVERSLAG

Dieselfde naam soos in Vraag 3∗

ONDERSOEKVERSLAG NA BELANGSTELLING IN 'N BEGELEIDE STAPTOER DEUR VYF VAN DIE BEKENDSTE GROENTEKWEKERYE IN CONSTANTIA OP 5 MEI 2019∗

1. OPDRAG EN DOEL∗

Opdrag is ontvang van die stigter en direkteur van SOIL FOR LIVE Pat Featherstone✓ om ondersoek in te stel na die belangstelling in 'n begeleide staptoer deur vyf van Constantia se bekendste groentekwekerye op 5 Mei 2019. Die doel✓ om uit te vind hoeveel eienaars van tuisgroentekwekerye en ander rolspelers belang sou stel in so 'n geleentheid. Die opdrag moes voltooi wees teen 2 April 2019.✓

2. ONDERSOEKMETODES∗ ten minste DRIE metodes

2.1 Vraelys aan kliente.✓
2.2 Vraelys aan gastehuiseienaars, hotelle,die plaaslike groentebedryf bedryf,die plaaslike munisipaliteit, publiek,supermarkte en groentehandelaarsfietsbedryf.
2.3 Onderhoude met eienaars van die betrokke kwekerye.✓
2.4 Onderhoud met voorsitter van die plaaslike toerisme buro.✓

3. BEVINDINGE∗

3.1 80% van die kliënte stel belang in die toer.✓
3.2 70% van die gastehuiseienaars en hotelle sal betrokke wil raak.✓
3.3 Die onderhoud met die voorsitter van die plaaslike toerismeburo het aan die lig gebring dat hulle baie opgewonde is oor die vooruitsig van so 'n begeleide staptoer, aangesien hulle ook die stad en streek so kan bemark sowel as die voordele daarvan dat groete tuis gekweek kan word.✓

4. GEVOLGTREKKING∗

'n Oorweldigende meerderheid van lede en ander rolspelers is geesdriftig oor die voorsuitsig van so 'n staptoer. Dit sal die waarde van groente wat tuis gekweek word onder die aandag bring.✓✓✓

5. AANBEVELINGS∗

5.1 Voortgaan met reëlings vir toer op (enige) Mei.✓
5.2 Advertensies in plaaslike koerante, by gastehuise en hotelle. die toerismeburo en ook groentehandelaars.✓
5.3 Dank uitspreek teenoor die betrokke kwekerye in Constantia vir hulle samewerking.✓

NAAM □

INHOUD	TAAL/STYL	UITLEG	TOTAAL
15	10	5	**30**

[30]

VRAAG 5: OMSENDBRIEF

Dieselfde naam soos in Vraag 3∗

TEL: enige (Parow) ∗

Adres (enige) ∗
PAROW ∗∗
Kode ∗

Datum: (nie later as April 2019) ∗

Beste Lid ∗

BEGELEIDE STAPTOER ∗

'n Wonderlike geleentheid✓✓ (ABBA-beginsel)
'n Begeleide staptoer deur vyf van die bekendste groentetuine in Constantia✓

Gee inligting oor PLEK✓ (Vertrek om 08:00 by parkeerarea van die Simon van der Stellandgoed)
Datum (1 MEI 2017), Staptoerfooi (R300 pp)✓
TYD: Vanaf 08:00 tot 15:00.✓ (meld 7:00 aan)

Byvoorbeeld: Ligte Middagete by Simon van der Stellandgoed se restaurant, lesing deur Pat Featherstone, stigter en direkteur van SOIL FOR LIFE (15:00-16:00), R300 deelnemersfooi betaalbaar voor 10 April 2019 en sekuriteit sal gereël word. ✓✓✓✓ (enige 4).

Welwillendheid.✓ Byvoorbeeld Ons sien daarna uit om almal daar te sien.

Die Uwe / semi -formele slot∗

TEKEN ∗

NAAM∗

AMPSHOEDANIGHEID ∗

INHOUD	TAAL/SPEL	UITLEG	TOTAAL
11	4	5	**20**

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou